**Deur President Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in die
Eerste Presidentskap



# Geluk vir Diegene vir Wie Ons Lief is

Ons almal wil geluk hê vir diegene vir wie ons lief is, en ons wil so min pyn as moontlike vir hulle hê. Soos ons die mededeling van geluk — en ook pyn — in die Boek van Mormon lees, word ons harte verwek as ons aan ons geliefdes dink. Hier is ŉ ware beskrywing van ŉ gelukkige tyd:

"En dit het gebeur dat daar geen twis in die land was nie, vanweë die liefde van God wat gewoon het in die harte van die volk.

"En daar was geen afguns nie, nóg onenigheid, nóg rumoer, nóg hoerery, nóg leuens, nóg moorde, nóg enige soort wellustigheid; en waarlik kon daar nie 'n gelukkiger volk wees onder al die mense wat geskape is deur die hand van God nie."

Dan lees ons:

"En hoe geseënd was hulle! Want die Here het hulle geseën in al hulle doen en late; ja, wel is hulle geseën en was voorspoedig tot 'n honderd en tien jaar verbygegaan het; en die eerste geslag na Christus het heengegaan, en daar was geen twis in die hele land nie" (4 Nefi 1:15–16, 18).

Geliefde dissipels van Christus bid en werk vir so ŉ seening vir hulself en ander. Deur die beskrywing in die Boek van Mormon en vir baie van ons, en van ons eie ondervinding weet ons dat die geskenk van geluk haalbaar is. Ons weet dat die pad na geluk goed gemerk is. Ons weet ook dat om geluk te handhaaf nie maklik is nie, net soos met die Nefiete na die verlosser se besoek, woon "die liefde van God" in ons harte.

Daardie liefde was in die harte van die Nefiete omdat hulle die wet, wat dit moontlike gemaak het, behou het. Die opsomming van die wet word in die sakrament gebed gevind, wat begin met die innige pleidooi aan ons geliefde Hemelse Vader. Ons bid met n hart vol geloof en met n diep liefde vir ons persoonlike Verlosser. Ons verbind met regte opset om Sy naam op ons te neem, om Hom te onthou, en om al Sy gegooie te onderhou. Uiteindelik, beoefen ons geloof om die Heilige Gees, die derde lid van die Godheid, altyd met ons te hê, om in ons harte van die Vader en die van Sy Geliefde Seun te getuig. (sien L & V 20:77, 79 .)

Met die Heilige Gees as ons metgesel, kan ons ons harte verander sodat ons na die liefde van ons Hemelse Vader en die Here Jesus Christus sog en verwelkom. Die weg om die liefde van God in ons harte te kry is eenvoudig, net so is die weg om die gevoelens van daardie liefde in ons harte te verloor. Byvoorbeeld, iemand kan kies om minder na Hemelse Vader te bid of nie vol tiendes te betaal nie of om op te hou om op die woord van God te vrees of om die armes en behoeftiges te ignoreer.

Enige keuse om nie die Here se gebooie te onderhou nie kan veroorsaak dat die Gees van ons harte ontrek. Met daardie verlies, verdwyn geluk.

Die geluk wat ons vir ons geliefdes wil hê hang van hul keuses af. Soveel as wat ons vir ŉ kind lief is, ŉ besoeker,

of ons vriende, kan ons hulle nie dwing om die gebooie te onderhou sodat hulle kwalifiseer vir die Heilige Gees om hulle aan te raak en hul harte te verander nie.

So, die beste hulp wat ons kan gee, is wat ook al diegene lei vir wie ons lief is, om te waak oor hul eie keuses. Alma het dit met n uitnodiging gedoen wat jy mag offer:

"Maar dat julle jul sal verootmoedig voor die Here, en sy heilige Naam aanroep, en gedurig waak en bid, dat julle nie versoek mag word bo dit wat julle kan verduur nie, en sodoende gelei word deur die Heilige Gees, en nederig, sagmoedig, onderdanig, geduldig, vol van liefde en alle lankmoedigheid word;

"En geloof het in die Here; en 'n hoop het dat julle die ewige lewe sal ontvang; en die liefde van God altyd in julle harte hê, dat julle opgehef mag word op die laaste dag en sy rus binnegaan" (Alma 13:28–29).

Ek bid dat diegene vir wie jy lief is, die geïnspireerde uitnodiging mag aanvaar deur die weg te kies na ewige geluk.

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

President Eyring onderrig dat die geluk wat ons in die lewe voel afhang van die besluite wat ons neem. Soos jy hierdie boodskap bespreek, oorweeg dit om te fokus op die dinge wat President Eyring noem wat ons kan kies om te doen ( soos gebed, werk, beoefen ons geloof en verbind onsself met ware opset ) om ons na daardie weg van geluk te lei. Jy kan diegene wie jy onderrig uitnooi om twee of drie aksies neer te skryf wat hulle beter sal lei na "die weg na ewige geluk."

## JEUG

### Aksies Wat Na Geluk Lei

President Eyrng leer ons dat "die geluk wat ons vir ons geliefdes wil hê afhang van hulle keuses."

Jy kan lees oor die effekte wat keuses kan hê van die voorbeelde van Nefi, Laman en Lemuel. Laman en Lemuel het gemurmureer en wou nie die gebooie onderhou nie (sien 1 Nefi 2:12). As gevolg daarvan was hulle en hul afstammelinge vervloek en van die Here se teenwoordigheid afgesny (sien 2 Nefi 5:20–24). Nefi het gekies om die gebooie te onderhou (sien 1 Nephi 3:7), en daarom het hy en sy mense "geleef volgens die wyse van geluk" (2 Nefi 5:27).

Jy kan kies om regverdig en gelukkig te wees. Maar die mense rondom jou sal sekerlik nogsteeds swak keuses maak wat na ongeluk en ongemaklikheid lei. Terwyl daardie besluite hulle s'n is om te maak, kan jou voorbeeld hul keuses tot goede beïnvloed. Hoe kan jou keuses ander geluk bring? Bespreek met jou familie verskillende maniere hoe jy diegene rondom jou positief kan beïnvloed en hulle kan help om geluk te voel.

## KINDERS

### Die Vriendlikheid Uitdaging

Toe Jesus die mense in die Amerikas besoek het, het Hy hulle geleer om mekaar lief te hê en om vriendelik te wees. Wat kan jy doen om Jesus te volg en ander lief te hê? Hier is 'n paar voorstellle. Merk elkeen van die uitdagings af soos jy aangaan.

- ☐ Ek kan iemand wat hartseer is 'n drukkie gee.
- ☐ Ek kan iemand in die geheim bedien.
- ☐ Ek kan 'n konferensie praatjie oor vriendlikheid lees of kyk.
- ☐ Ek kan 'n primere liedjie vir my familie sing.
- ☐ Ek kan vir iemand glimlag wat eensaam lyk.
- ☐ Ek kan ______________________________________.
- ☐ Ek kan ______________________________________.

© 2016 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van die *First Presidency Message, January 2016*. Afrikaans. 12861 501

# Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die leër van die familie diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Van die algemene Verligtings Vereniging se vergadering in 1995, toe President Gordon B. Hincley (1910–2008) "Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wereld," vir die eerste keer gelees het. Bonnie L. Oscarson, Jong Vroue algemene president, het gesê: "Ons was dankbaar vir en het die duidelikheid, eenvoudigheid en waarheid van hierdie openbarende dokument gewaardeer. . . . Die proklamasie oor die familie het ons maatstaf vir die beoordeling van die filosofieë van die wêreld geword, en ek getuig dat die beginsels wat uiteengesit is . . . so waar is vandag as toe hulle vir ons gegee is deur 'n profeet van God amper 20 jaar gelede."[1]

"Van die familie proklamasie," Carole M. Stephens, die eerste raadslid in die Verligtings Vereiniging voeg by, "leer ons dat in die voordoodse ryk het geestelike seuns en dogters God as hul Ewige Vader geken en aanbid'[2] . . .

". . . Elkeen van ons behoort aan en is noodsaaklik in die familie van God."[3]

Ons leef in n tyd waar ouers hul tuiste en families moet beskerm. "Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld" kan ons lei.

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Mosia 8:16-17;
Leer en Verbonde 1:38

### *Lewende Stories*

"Lee Mei Chen Ho van die Tao Yuan Derde Tak, Tao Yuan Taiwan Wyk, het gesê die proklamasie het haar geleer dat familie verhoudings help om godddelike eienskappe soos geloof, geduld, en liefde te ontwikkel. 'Wanneer ek probeer om myself volgens die proklimasie te verbeter, kan ek ware geluk ondervind,' het sy gesê."[4]

Barbara Thompson, wie teenwoordig was toe die proklamasie vir die eerste keer gelees is en later as 'n raadgewer in die algemene Verligting Vereeniging presidensie gedien het, het gesê: Ek het vir 'n oomblik gedink dat [ die familie proklomasie] nie regtig te veel betrekking tot myself het nie aangesien ek nie getroud of geen kinders gehad het nie. Maar amper net so vinnig het ek gedink, 'Maar dit het betrekking op my. Ek is 'n lid van 'n familie. Ek is 'n dogter, 'n sister, 'n tannie, 'n niggie en 'n kleindogter. . . . Al was ek die enigste lewende lid van my familie, is ek nogsteeds 'n lid van God se familie.' "[5]

**NOTAS**

1. Bonnie L. Oscarson, "Verdedigers van die Familie Proklamasie," *Liahona,* Mei, 2015, 14–15.
2. "Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld," *Liahona,* Nov. 2010, 129.
3. Carole M. Stephens, "Die Familie is van God," *Liahona* Mei 2015, 11.
4. Nicole Seymour, " 'Die Familie: 'n Proklamasie aan die Wêreld' bereik die 10-Jaar Mylpaal, *Liahona,* Nov. 2005, 127.
5. Barbara Thompson, in *Dogters in My Koninkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Verligtings Vereniging* (2011), 148.

### *Ter Oorweeging*

Hoe is " Die familie; 'n Proklamasie aan die Wêreld" 'n dokument vir ons tye?

© 2016 deurIntellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, January 2016.* Afrikaans. 12861 501